



Ruach Bediening Nuusbrief

MEI 2021

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand.....	1
2. Gebedsterapie sessies.....	2
3. Getuïenisse	2
4. Sommer net 'n paar gedagte's.....	2
a. Brand jou hut dalk?	2
b. Ons woorde.....	3
c. Broccoli	5
5. Bepanning vir die volgende maande.....	5
6. Woord in Aksie kampe – Pretoria.....	5

1. Gedagte vir die maand

HOE SAL JY VANDAG HANTEER?

2 Kor 12:9 NVT

Hy het egter vir my gesê: My genade is genoeg vir jou,
want My krag kom juis in swakheid tot volle verwesenliking.

Iemand het eendag gesê, en ek hou nogal hiervan; "Môre het twee handvatsels: die handvatse van vrees en die handvatse van geloof. Jy kan kies waaraan jy gaan vashou. Watter een sal jy vandag kies?"

Vreesloos! Dit sal so wonderlik wees as jy die wêreld kon inwaar vol vertroue en dapperheid en die dinge wat vir jou belangrik is vreesloos kon najaag. As jy net kan onthou dat jy nie alleen is nie, dat jy engele het wat jou beskerm en n liefdevolle Verlosser wat langs jou loop, dan het jy nogal magtige vriende en kan jy enigiets vermag, nie waar nie? Hoor net:

Ps.34:8; "Die Engel van die Here trek n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit."

En jy onthou seker vir Elia, hy bid vir sy dienaar om sy oë te open vir hulle beskerming. Luister net daarna en onthou dit ten alle tye:

2 Kon.6:16; "Maar hy antwoord: Vrees nie, want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is. :17; En Elia het gebid en gesê: Here, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die Here het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elia."

En hoor wat sê die Here self:

Hebr. 13:5 (laaste gedeelte); "Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie."

Jy kan die dag aanpak vol bekommernis en twyfel, en elke tree vrees. Jy kan maar waarom sou jy? Neem die Here se hand en gaan die dag tegemoet in sy krag wat selfs nog meer is wanneer

jy swak is. Kies om te glo dat geloof jou sal neem waar jy wil gaan en onthou dat jy alles het wat jy nodig het om dinge gedoen te kry. Jy is die kind van n Koning; en nie sommer enige koning nie, maar die Een wat oor die ganse aarde regeer. Kan jy dit hanteer?

My gebed:

"Here, laat u krag vandag deur my vloei sodat ek alles met vertroue kan hanteer." Amen Amen!

2. *Gebedsterapie sessies*



In **MEI 2020** was daar **60** gebedsterapie sessies in **Centurion** gewees.
In **MEI 2020** was daar **3** gebedsterapie sessies per **Telefoon** gewees.
In **MEI 2020** was daar **11** gebedsterapie sessies per **Video Call** gewees.
In **MEI 2020** was daar **24** gebedsterapie sessies in **Delmas** gewees.
In **MEI 2020** was daar **13** gebedsterapie sessies in **Middelburg** gewees.
In **MEI 2020** was daar **6** gebedsterapie sessies in **Nylstroom** gewees.
In **MEI 2020** was daar **6** gebedsterapie sessies in **Fochville** gewees.

Totale gebedsterapie sessies vir **MEI 2021** was **123**.

3. *Getuienisse*

Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:

Getuienis 1: Thank you for doing the work of the Lord, much fruit and blessings.

Getuienis 2: Sarel net gou terugvoering na gister se sessie. Gisteraand vir die eerste keer reg deur geslaap. Was great en voel sommer goed – weereens dankie vir gister en ja, onse God is maar net amazing.

Getuienis 3: Baie dankie vir julle, ons is dankbaar vir hoe die Here julle bediening gebruik.

Getuienis 4: Na jy gister vir my gebid het was my been gisteraand nog gevoellig, maar vanoggend kan ek loop sonder enige ongemak en die pyn is ook minimaal! Dankie Abba Vader.



4. *Sommer net 'n paar gedagte's*

a. *Brandjou hut dalk?*

DIE enigste oorlewende van 'n skeepsramp het op 'n klein en verlate eiland uitgespoel.

Hy het ernstig gebid dat God hom moet red en elke dag het hy die horison dopgehou vir 'n moontlike verbygaande skip, maar daar was niks.

Uitgeput het hy uiteindelik vir hom 'n hut gebou. Kos was skaars. Hy het stadigaan bymekaar gemaak wat hy kon. Wie weet hoe lank hy daar sou moes bly.

Een dag toe hy weer na kos gaan soek het, het hy by sy terugkeer gesien dat sy hut aan die brand is. Hy kon die brand nie blus nie. Alles wat hy bymekaar gemaak het, is vernietig.

Nodeloos om te sê die man was moedeloos. "God, hoe kon U dit aan my doen," het hy geskreeu.



Ure later het die dreunende motore van 'n skip hom wakker gemaak. Die bemanning het hom kom red.

"Hoe het julle geweet ek was hier," wou hy van die bemanning weet.

"O' ons het jou rooksein gesien," het hulle geantwoord.

Dis maklik om mismoedig te word. Maar as Christen is ons veronderstel om altyd bo die omstandighede te lewe en nooit onder die omstandighede nie. Ons moet God so goed leer ken dat ons sal beseef dat wat ook al gebeur, God het 'n plan daarmee, al word mens soos Josef ook onder in 'n put gegooi.

God is aan die werk in ons lewens, selfs te midde van pyn en lyding.

Onthou, volgende keer wanneer jou hut tot op die grond afbrand, dan is dit dalk bloot 'n rooksein wat roep na God se Genade.

Vir al die negatiewe dinge wat in ons lewens gebeur, het God 'n positiewe antwoord.

Wanneer jy sê iets is onmoontlik, dan sê God : Alle dinge is moontlik (Lk. 18:27) Wanneer jy moeg is, bied God jou rus aan (Matt. 11:28-30) Wanneer jy meen niemand het jou lief nie, sê God Hy is beslis lief vir jou. (Jh. 3:16).

Wanneer jy meen jy kan nie meer voortgaan nie, dan sê God Sy Genade is vir jou genoeg. (1 Kor. 12:9).

Wanneer jy meen jy weet nie meer herwaarts of derwaarts nie, dan sê Hy, hy sal vir jou die rigting aandui. (Spr. 3:5-6).

Wanneer jy sê jy kan dit nie doen nie, dan sê God jy kan wel. (Fil. 4:13).

Jy sê dis nie die moeite werd nie, maar God sê dit is. (Rom. 8:28).

Jy meen jy kan nie kop bo water hou nie, maar God sê Hy sal in al jou nood voorsien. (Fil. 4:19).

Jy is vol van vrees, maar God sê Hy het jou nie 'n gees van vrees gegee nie. (1 Tim. 1:7).

Jy sê jy het nie geloof nie, maar God sê Hy het aan ons elkeen 'n mate van geloof gegee. (Rom. 12:3).

Wanneer jy meen jy is nie skerp genoeg nie, sê God Hy het aan jou wysheid gegee. (1 Kor. 1:30).

Wanneer jy meen dat jy eensaam is, sê God Hy sal jou nooit verlaat nie. (Heb. 13:5).

Soms moet 'n mens se hut (dalk 'n afgod in jou lewe) afbrand, sodat jy weer die genade van God kan smaak.

Aanhaling

b. Ons woorde

Ek lees vandag iets raak van Susan Coetzer wat ek nie anders kan as om te deel nie, omdat ons in ons huwelike en verhoudings mekaar kan afbreek of opbou met ons woorde. Dít wat sy skryf is lewensveranderend as jy dit kan bemeester!!!!

Sy skryf: "Ek het besluit om 'n bietjie te vas. NEE nie van kos nie - veels te honger en dan nie genoeg energie vir draf of optredes nie.

Ek vas van WOORDE. Ek hou hulle in my gedagtes en bekijk hulle - het hulle NUT of is dit sommer net geluide - soos die geblaf van honde en karre wat jaag.

Ons praat so maklik en so baie..... NONSENS. Tot 'n mens besef HOEVEEL krag daar in die gesproke woorde is. Die Hele Skepping is met WOORDE geskep.



God het gesê: Laat daar LIG wees, met WOORDE. En toe was daar was LIG.

Wat sê jy met JOU WOORDE?

Oor die land: Die land is in sy maai. Die land is korrup. Bankrot. 'n Nare plek om in te woon met nare mense.

Oor mense: Jou vark? Jy is treurig. Jou dom onnosele & *%#. Jy maak my siek!

En oor jousef: Ek kan nie. Ek is moeg. Ek is siek. Ek is sat. Ek is af. Ek is depressief. Ek glo nie meer nie. Ek is vet. Ek is lelik. Ek is sonder talent. Ek is bang.... Ek is kragteloos. Hopeloos.

OPPAS wat jy sê. As die meeste woorde wat by jou mond uitkom, negatief en onopbouwend is, het dit 'n negatiewe effek. Op jou en almal wat jou aanhoor.

Is dit tyd dat jy VAS saam met my.

Geen mens kan die tong self tem nie - jy moet saam met die Here klas loop om te leer SNOEI aan die onkruid in jou woordeskat - om meer en meer woorde van LEWE te spreek in plaas van dood. Oor die land, oor die mense wat jou irriteer, oor jousef -as jy pappeslaan voel.

LIG jousef en ander met jou woorde.

Woorde is nie net lettertjies nie. Dis gelaai met KRAG. Krag om op te bou en krag om te vernietig. Daarom is 'n goeie vas baie gesond. Vas so 'n bietjie van onnodige woorde: Vra die Here om jou te wys waar jy woorde tot jousef en ander se leed inspan.

Skinder jy maklik? Is jy lief om slegte nuus aan te dra. Onmin tussen mense te saai? Kla jy gereeld - sommer as 'n gewoonte. Vloek jy of seën jy?

Kom ons vas so 'n bietjie vanaand - deurdink ons baie woorde in God se Stilte. Rol hulle in jou kieste rond. Proe hulle in jou gedagtes. VOEL die uitwerking van die woorde wat jy wil sê - spreek dit van LIG of van donker.

Bekyk jou gedagtes. Dis die enjin wat jou woorde aanvuur. Die Woord se duidelik, dit wat in jou gedagtes (jou hart) omgaan bepaal jou hele toekoms. En ander s'n...

Sit vandag so 'n oomblik daai handrem op al die nonsens praat. Al die twak. Al die leuens. Die woede. Die geskinder. Die suur woorde. Die snydende woorde. Die wrede woorde. Die woorde wat jou (en ander) afbreek en beperk.

Kom ons krul die tonge terug soos biltong en sit 'n slot om die punt. Druk die oer krokodilbrein TERUG in sy kas. DINK en besin voor ons praat.

Vra jousef: Is dit opbouwend om die woorde te gebruik? Is dit goed. Is dit nodig? Want woorde is almal vuurhoutjies -- dit kan groot vure aansteek. 'n Vuur van lewe of 'n vuur van dood. En dis moeilik om daai vure dood te slaan. Veral die vuur wat skroei. Nie eers die brandweer se hose pipe is lank genoeg nie.

Nou ja ek groet - ek moet gou my slot om my biltong gaan sit.

LIEFDE en min woorde stuur ek aan jou."

c. Broccoli

Kosbaar!!!

'n Seuntjie maak sy broccoli staan soos 'n boompie in sy bord en stoot al sy groente onder die "boompie" in. Sy ma vra vir hom: "Wat doen jy? Hy antwoord haar: "En die Here het gesê van hierdie boom mag jy nie eet nie. 😊



5. Bepanning vir die volgende maande

DELMAS



MAANDAE is ek in Delmas.

Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel** ☎ 072 400 6487

MIDDELBURG	NYLSTROOM	FOCHVILLE
Ons bedien 1 x 'n maand in Middelburg , 'n Vrydag en Saterdag. Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ☎ 084 429 7016	Die kontak persoon vir afspraak is: Tannie Nellie De La Porte ☎ 079 581 0624	Die kontak persoon vir afspraak is: Petro Gerber ☎ 076 577 6296
9 & 10 Julie	28 Julie	22 Julie
6 & 7 Augustus	18 Augustus	19 Augustus
3 & 4 September	22 September	16 September
1 & 2 Oktober		14 Oktober
29 & 30 Oktober	3 November	25 November
3 & 4 Desember	8 Desember	

6. Woord in Aksie kampe – Pretoria

Kyk op Facebook blad : **Woord in Aksie** vir meer besonderhede.
Ook op www.wia.org.za.

Kontak besonderhede: Woord in Aksie ☎ 010 065 0881

*Baie seëninge vir julle almal
Sarel & Gerda Reinecke*

“Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee”